WinskoopToere

DROOM · LEEF · REIS



# ons Kerstoer met André Rieu 2026








**BELGIË, DUITSLAND, FRANKRYK, NEDERLAND**

**R69,000 P.P.**

**11 - 22 DESEMBER 2026**

# TOER SAAM!

11 - 22 Desember 2026

BELEEF 'N KERSFEESTOER MET ANDRÉ RIEU, SAAM MET WinskoopToere

- Dag 1 Johannesburg/Kaapstad
- Dag 2 Brussel
- Dag 3 Maastricht
- Dag 4 Valkenburg & Keulen
- Dag 5 Wiesbaden & Heidelberg
- Dag 6 Baden-Baden & Colmar
- Dag 7 Colmar, Ribeauville & Strasbourg
- Dag 8 Rothenburg ob der Tauber & Nürnberg
- Dag 9 Nürnberg & Oberammergau
- Dag 10 Zugspitze & Oberammergau
- Dag 11 München
- Dag 12 Johannesburg/Kaapstad




## DUITSLAND

HOOFSTAD: BERLYN
TAAL: DUITS
GELDEENHEID: EURO (€)

## FRANKRYK

HOOFSTAD: PARYS
TAAL: FRANS
GELDEENHEID: EURO (€)

## BELGIË

HOOFSTAD: BRUSSEL
TAAL: VLAAMS & FRANS
GELDEENHEID: EURO (€)

## NEDERLAND

HOOFSTAD: AMSTERDAM
TAAL: NEDERLANDS
GELDEENHEID: EURO (€)

## VISUM- EN PASPOORTVEREISTES

VISUM: SCHENGENVISUM DEUR DUITSLAND.
PASPOORT: GELDIG VIR TEN MINSTE DRIE MAANDE NA JOU BEPLANDE TERUGKEER NA SUID-AFRIKA.

## WEERVOORSPELLING

3–8°C

KOEL MET 'N MOONTLIKHEID VAN SNEEU.








# Ons toerprys is R69,000 p.p. wat deel

## Enkeltoeslag: R13,300

(€1 = R19.00)



| ZAR/EUR | Toerprys |
|---|---|
| R17.00 | R65,000 |
| R18.00 | R67,000 |
| **R19.00** | **R69,000** |
| R20.00 | R71,000 |
| R21.00 | R73,000 |
| R22.00 | R75,000 |



**LET WEL:**

GEEN ekstra betalings vir groepsaktiwiteite word tydens die toer van ons toerlede gehef nie.







## KYK WAT IS ALLES IN ONS TOERPRYS INGESLUIT:

- Ekonomieseklas-retoervlugte met Qatar Airways. 'n Beperkte aantal vlugte vanaf Kaapstad is beskikbaar op aanvraag;
- Lughawebelasting - mag toeneem a.g.v. wisselkoersverandering (tans geen);
- Gerieflike verblyf (bed en buffetontbyt) in dubbel- of twinkamers, elk met eie badkamer in drie-en viersterhotelle;
- Aandetes soos gemeld in ons program of 'n subsidie van €20 p.p. vir aandetes wat nie as groep saamgeëet word nie;
- Privaat luukse bus vir die groep (met lugverkoeling en yskas) vir die duur van die toer;
- Fooi vir die busbestuurder: €30 p.p.;
- Twee ervare toerleiers vergesel die toer en neem met kundigheid en vriendelikheid die leiding. (Wees ook gerus: Daar is dus altyd 'n ekstra persoon wat in geval van nood hulp kan verleen.);



Colmar

## TOEGANGSGELDE VIR DIE VOLGENDE UITSTAPPIES IS OOK BY DIE PRYS INGESLUIT:

- Stadstoere in Brussel, Köln en Nürnberg met professionele plaaslike gidse (Engelssprekend).
- Klas 1 André Rieu-konsertkaartjies in Maastricht.
- Toegang na die Heidelberg-kasteel en Bergbahn.
- Toegang na die Köln Dom (Keulenkatedraal).
- Kabelkarretjie op met Zugspitze.
- Ettal-klooster toegangskaartjies.
- Die gebruik van WinskoopToere se kwaliteit radio'tjies (oudiogidse) sodat almal die gidse ewe goed kan hoor.




Amsterdam



## WAT IS NIE INGESLUIT NIE?

- Visumkoste;
- Reisversekering (LW: Sommige reisversekeringsopsies vereis dat jy dit moet aktiveer binne 24 of 48h nadat jy jou deposito aan WinskoopToere betaal het. Tree gerus met ons in verbinding vir meer inligting.);
- Middagetes;
- Drie AA-batterye vir gebruik in die radio'tjies;
- Enige ander toegangsgelde en uitstappies wat jy op jou eie onderneem – volgens jou eie voorkeur;
- Fooitjies en uitgawes van persoonlike aard.

## Dag 1 - Vry. 11 Desember 2026

### JOHANNESBURG

Ons André Rieu Kerstoer begin op O.R, Tambo Lughawe waar die opgewonde toerlede bymekaarkom! Ons vertrek na Brussel in België. Etes en drankies tydens die vlugte is ingesluit. 'n Beperkte aantal Kaapstadvlugte is beskikbaar op aanvraag - doen vroegtydig hiervoor aansoek.

**ETES EN DRANKIES INGESLUIT**





Brussel



Brussel

## Dag 2 - Sa. 12 Desember 2026

### BRUSSEL

Ons arriveer vroeg vanoggend in **Brussel**. Hier wag ons luukse toerbus reeds op ons.

Ons geniet vanoggend 'n lekker warm WinskoopToere verrassing voor ons heerlike vrye tyd in Brussel spandeer om self die pragtige ou dorpie te leer ken.

Ons stap dan saam na Brussel se "Winter Wonders and Christmas Market" om ons eerste smakie van hierdie Kerswonder te beleef. Ons vertrek na ons sentraal-geleë hotel en hierna het ons die res van die dag vry om uit te rus of die dorp verder te verken. Ons geniet almal saam 'n smaaklike aandete by die hotel.

**AANDETE: BY DIE HOTEL**
**OORNAG: BRUSSEL**



'n Pragtige Kersmark

## Dag 3 - So. 13 Desember 2026

### MAASTRICHT

Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons groep na **Maastricht**. Ons geniet vanoggend hier vrye tyd.

Ons bus neem ons dan na ons hotel in Valkenburg waar ons inteken. Ons vertrek later na die Maastricht Exhibition & Conference Centre (MECC) vir ons André Rieu konsert.

Hier betower André Rieu en sy simfonie-orkes ons met 'n pragtige Kersspel. Ons toerlede het almal klas een-kaartjies! 'n Ervaring van 'n leeftyd!

Ons deel vanaand aan elke toerlid 'n subsidiebedrag van €20 uit om 'n smaaklike aandete by die MECC of in Maastricht te geniet.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: RESTAURANT**
**OORNAG: VALKENBURG**



Kölner Dom, Keulen



André Rieu in aksie



Valkenburg

## Dag 4 - Ma. 14 Desember 2026

### VALKENBURG - KEULEN

Na ontbyt leer ons **Valkenburg** beter ken. Ons begin met 'n heerlike oggenduitstappie en geniet vrye tyd.

Teen vroegmiddag vertrek ons na Keulen waar ons eers 'n interessante stadstoer en dan heerlike vrye tyd geniet. Ingesluit by ons besoek aan Keulen is toegang tot die bekende en indrukwekkende Keulen Dom - dit is werklik 'n meesterstuk van gotiese argitektuur.

Hierna neem die bus ons na ons hotel waar ons inteken. Ons hotel lê in die hartjie van Keulen se ou stad en toerlede kan die area te voet op hul eie leer ken. Kersmarkte is gedurende die Adventperiode regdeur Keulen versprei, wat die hele stad in een groot sprokieswêreld omskep. Lede ontvang 'n €20 subsidie vir aandete.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €20 SUBSIDIE**
**OORNAG: KEULEN**

# Dag 5 - Di. 15 Desember 2026

## WIESBADEN & HEIDELBERG

Ons vertrek vanoggend eers na **Wiesbaden**, en dan na die beroemde universiteitstad **Heidelberg** waar ons oornag.

Ons groep besoek saam die eeue-oue kasteel wat oor die ou stad waak en later kan jy ronddwaal en verlore raak in die atmosfeer van die seisoen.

Ons ontmoet mekaar op die afgespreekte plek en vertrek na ons luukse hotel wat lekker sentraal-geleë is. Ons deel weer vanaand aan elkeen 'n subsidie van €20 vir aandete uit.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY DIE HOTEL**
**OORNAG: HEIDELBERG**


Wiesbaden


Colmar

# Dag 6 - Wo. 16 Desember 2026

## BADEN-BADEN - COLMAR

Na ontbyt vertrek ons na **Baden-Baden**. Ons ervaar die betowerende atmosfeer van hierdie wêrelderfenisstad omring deur die Swartwoud en die berge.

Ons verken die Elsasgebied verder en ry na **Colmar** waar ons die volgende twee aande in ons sentraal-geleë hotel oornag. Ons groep geniet 'n betowerende aand in Colmar se ou stad.

Vanaand geniet ons as groep saam aandete by 'n restaurant wat naby ons hotel geleë is.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: €20 SUBSIDIE**
**OORNAG: COLMAR**


Die Swartwoud, Baden-Baden

## Dag 7 - Do. 17 Desember 2026


### COLMAR - RIBEAUVILLE - STRASBOURG

Vanoggend ry ons na die goed behoue middeleeuse dorpie **Ribeauville**.

Hierdie dorpie is gekies as een van die mooiste dorpies in Frankryk en is omring deur die wingerde van Elsas. Hierna ry ons verder na **Strasbourg** wat spog met van die mooiste versierde strate ter wêreld tydens die Kersseisoen.

Teen die aand begin duisende Kersliggies en Kersversierings skitter en glinster. Toerlede geniet hier vrye tyd. Na ons besoek hier keer ons weer terug na Colmar. Ons eet saam aandete in ons hotel.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY DIE HOTEL**
**OORNAG: COLMAR**



Ribeauville



Strasbourg

## Dag 8 - Vr. 18 Desember 2026

### ROTHENBURG OB DER TAUBER - NÜRNBERG

Vanoggend ry ons na nog 'n juweelstadjie uit die Middeleeue: **Rothenburg ob der Tauber**. Jy kan nie anders as om jouself af te vra of die tyd in Rothenburg stilgestaan het vanaf die Middeleeue nie.

Daar is baie min plekke elders in die wêreld met so baie oorspronklike geboue wat uit die Middeleeue dateer soos in hierdie dorpie. Ons geniet hier vrye tyd. Ons toerbus neem ons later na **Nürnberg** waar ons vanaand oornag.

Na ons by ons hotel in die ou stad ingeteken het kan toerlede gerus in Nürnberg gaan rondloop. In die houthokkies van die "stadjie van hout en lap" vind 'n mens tradisionele, dikwels handgemaakte Kersversierings en lekkernye soos gemmerkoek en Spekulatius-amandelkoekies.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY DIE HOTEL**
**OORNAG: NÜRNBERG**

## Dag 9 - Sa. 19 Desember 2026

### NÜRNBERG - OBERAMMERGAU

Na ontbyt vertrek ons op 'n besonderse stadstoer van die mooie ou **Nürnberg** met sy kasteel wat omstreeks 1140 gebou is.

Nürnberg se historiese myl eindig (of begin) by die kasteel en beskik oor pragtige kerke, uitgebreide fonteine en die Tucherschlossmuseum. In skrille kontras dien ander terreine in Nürnberg as noodsaaklike herinneringe aan die donkerder jare in die stad se lang geskiedenis, o.a. waar die hoofoortreders van die Nazi-gruweldade in 1946 verhoor en skuldig bevind is.

Na ons stadstoer ry ons verder na **Oberammergau** waar ons die volgende twee aande gaan oornag. Ons geniet aandete by die hotel.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY DIE HOTEL**
**OORNAG: OBERAMMERGAU**
**STADSTOER MET GIDS**


Nürnberg


Oberammergau

## Dag 10 - So. 20 Desember 2026

### ZUGSPITZE, ETTAL-KLOOSTER & OBERAMMERGAU

Vanoggend ry ons na die **Zugspitze** - die hoogste bergpiek in Duitsland. Ons ry met die kabelkar tot bo in die berge. Daarbo is lieflike restaurante waar ons oor die sneeu kan uitkyk. Hier beleef ons tipiese sneeu soos die Europeërs dit geniet!

Na ons heerlike oggend in die berge, besoek ons die **Ettal**-klooster (gestig op 28 April 1330). Ons ry later terug na ons hotel in Oberammergau. Ons geniet ons laaste aandete saam in die hotel.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: BY DIE HOTEL**
**OORNAG: OBERAMMERGAU**


Kabelkarrit, Zugspitze

## Dag 11 - Ma. 21 Desember 2026

### MÜNCHEN

Vanoggend is dit tyd om Europa te groet en met ons bus na die lughawe in München te ry.

Ons vertrek teen die middag terug na Suid-Afrika met mooi herinneringe, ‘n blywende Kersfeesgevoel en opwinding om die komende Kerstyd saam met ons geliefdes in ons warm tuisland deur te bring.

**ETES EN DRANKIES INGESLUIT**


München



Glühwein

## Dag 12 - Di. 22 Desember 2026

### JOHANNESBURG

Ons arriveer in Suid-Afrika en so kom ons lieflike Kerstoer tot ‘n einde. En ons weet: die herinneringe bly by ons vir die res van ons lewens!

**WinskoopToere behou die reg om die prys en toerprogram te wysig.












# KLIEK HIER OM TE BESPREEK

OF BESOEK ONS WEBTUISTE
VIR MEER INLIGTING

★★★★★

"Wat 'n wonderlike ervaring vir ons gesin. Dit was ons eerste toer oorsee saam met ons kinders en ons het 'memories' vir 'n leeftyd. Ons kon rustig aan alles deelneem, vrye tyd geniet sonder om oor enige reëlings bekommerd te wees"

*- Zante Mostert*

"Uitstekende waarde vir geld! 'n Een-keer-in-'n-leeftyd-ervaring!"

*- Christa Grobbelaar*











Ems: +27 83 637 1542
Sarisna: +27 83 637 1642

Winskoop Toere
DROOM · LEEF · REIS

droom@winskooptoere.co.za
www.winskooptoere.co.za